higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BYKOMSTIGHEDE N5

7 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1

1.1.1	C
1.1.2	G
1.1.3	B
1.1.4	H
1.1.5	I
1.1.6	D
1.1.7	E
1.1.8	J
1.1.9	F
1.1.10	A

(10 × 2) (20)

1.2 1.2.1 Verhouding in binnenshuise ontwerp verwys na die balans tussen ontwerpelemente soos vorm, kleur en tekstuur.
Ontwerpers en argitekte koppel verhouding dikwels aan skaal, wat verwys na die vergelykende grootte van een of meer voorwerpe en wat 'n absolute, vaste maat is.

1.2.2 Styl is 'n reproduksie van 'n historiese styl, of dit is volgens 'n meer kontemporêre styl.
Kitsch word ook gesien as smaakloos of stylloos; dit is kuns of ander voorwerpe wat aanklank vind by die populêre smaak, eerder as by die verhewe kunssmaak.

1.2.3 Die basiese idee van die plasingsreël is dat details en voorwerpe wat in onewe getalle gerangskik of gegroepeer is, aantrekliker en meer treffend en effektief is as groeperings in ewe getalle.

Dit help as groeperings bestaan uit voorwerpe van verskillende hoogte, vorm en tekstuur. Terselfdertyd moet hulle ook iets soortgelyks hê. Hierdie raad lyk teenstrydig, maar die punt is dat daar iets moet wees wat jou items saamgroepeer, maar ook iets wat by elkeen effens verskil.

1.2.4 Die avant-garde (Frans vir 'advance guard' of 'vanguard', letterlik 'fore-guard') is persone of werke wat eksperimenteeel, radikaal, of onortodoks is met betrekking tot kuns, kultuur, of die samelewing.

1.2.5 'n Objet d'art is 'n klein, dekoratiewe of artistieke voorwerp, tipies beskou as 'n versamelbare item.

1.2.6 In 'n waaiervorminge rangskikking word produkte in 'n waaiervorm vertoon – uitlopend vanuit 'n sentrale punt.

(6 × 3) (18)

1.3 1.3.1 Wanneer mense praat van hulle 'kristalgoed' uithaal, verwys hulle dikwels na 'n soort glas wat van silika, loodoksied, soda of potas en ander bymiddels gemaak is. Loodkristal word hoog aangeslaan vir sy duursaamheid en dekoratiewe eienskappe, selfs al het dit nie noodwendig 'n kristalstruktuur nie.

1.3.2 Sandspuiting: Sandspuiting is 'n permanente matglaseffek op 'n venster, wat verkry word deur sanddeeltjies onder hoë druk teen 'n venster te blaas; dit vryf die glansafwerking van die venster af, wat die mat, ondeurskynende effek produseer.
Matglas kan verkry word deur die gebruik van matglasviniel, 'n nie-permanente vinielfilm wat soos 'n plakker op die venster aangewend word om die matglaseffek te kry. Ondeurskynende matglas kan ook geskep word deur etsvloeistof te gebruik om die glas te ets.

1.3.3 Raku is 'n soort Japanese erdewerk wat tradisioneel in Japanese teeseremonies gebruik is, meestal in die vorm van chawan-teebakkies. Dit word tradisioneel deur die volgende gekenmerk: dit is handgevorm eerder as met 'n pottebakkerswiel; houers is redelik poreus as gevolg van lae oondtemperature; dit maak gebruik van loodglasure; die stukke word uit die oond gehaal terwyl dit nog gloeiend warm is.
Terracotta, 'n soort erdewerk, is 'n kleigebaseerde ongeglasuurde of geglasuurde keramiek, waar die gebakte voorwerp poreus is.

(3 × 4) (12)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Egipties: Het as inspirasie gedien vir alles, van banke met pote in die vorm van sfinkse, tot teestelle met piramides daarop geskilder. Art deco-ornamente is sterk beïnvloed deur Egipte – trapvormige patrone, straalpatrone, obeliske, bronsbeelde van Egiptiese vroue, reliëfpatrone, et cetera.

2.2 Grieks: Griekse randwerk; bykomstighede in wit en blou – kussings, pottebakkerswerk; tradisionele beeldhouwerk en naakfigure/gedrapeerde figure; marmerbeeldjies; dekoratiewe borde, et cetera.

2.3 Romeins: Terracotta-pottebakkerswerk, tradisionele beeldhouwerk en naakfigure/gedrapeerde figure, marmerbeeldjies – geverf in rooi of swart. Mosaïekwerk; krakieskilderye, fresko's en muurskilderye.

2.4 Middeleeue: Glas-in-lood; swaar houtornamente. Tafels gemaak van edelmetale, en buffette waarop die huis se borde en koppies van goud en silwer uitgestal is; dit het 'n dubbele rol vervul, namelik ornamenteel en 'sosiaal', omdat dit ook die gasheer se rykdom getoon het. Die beste houttafel in die huis is in die Saal geplaas.

2.5 Rococo: Asimmetriese patrone, kurwes, muurpanele in die vorm van 'n vrou se bolip, delikate porselein, chinoiserie- en singerie-patrone op muurpapier. Vase, swaar draperings, gordyne, festoene en pante ('swags and tails'), brokaat- en damaskmateriale, tossels en swaar fraiingdetail. Aubusson- en Savonnerie-matte sowel as Oosterse matte.

2.6 Franse Ryk: Militêre motiewe – tentvormige plafonne en gedrapeerde mure wat lyk soos tente in 'n veldslag; 'N'-monogramme en bye – na die voorbeeld van Napoleon en Josephine; swaan- en lierdetails op meubels; trompette et cetera.

(6 × 5) **[30]**

VRAAG 3

3.1 <u>Porselein</u> word primêr gemaak van fyn kaolienklei, maar dit is bekend dat dit ook al met gemaalde dierebeendere gemaak is, wat tot die term 'beenporselein' gelei het.
Dit word twee keer gebak en verglaas, wat dit harder en minder poreus maak as erdewerk.
Dit kan vir badkamerbykomstighede en sanitêre ware gebruik word omdat dit ten volle verglaas is.

<u>Erdewerk</u> word slegs een keer gebak en verglaas, en is ideaal vir eetgerei.

3.2 Piouter is 'n mengsel van verskillende metale, insluitend oorwegend tin, 'n klein hoeveelheid koper, en soms selfs 'n bietjie silwer.
Dit is sagter as silwer en sal dus makliker buig of induik.

Dit het 'n pragtige glans soortgelyk aan sterlingsilwer, maar sal natuurlikerwys verdof met tyd. Die glans kan met 'n juweelpoleerkussinkie teruggebring word. Dit het 'n laer prys as silwer, wat dit 'n goeie opsie maak vir 'n jonger mark.

Edelmetale soos sterlingsilwer het meer onderhoud nodig as piouter.
Dit sal natuurlikerwys aanslaan met tyd, maar is maklik om skoon te maak met 'n juweelpoleerkussinkie.
Dit is duurder, maar die gehalte is ook beter, wat dit 'n stuk juweliersware maak wat jy vir 'n leeftyd kan hou.
Sterlingsilwer het 'n helderder glans as piouter.

3.3 Die verskil is belangrik, nie net vir woordsmede nie, maar ook vir kunstenaars en ernstige kopers.

'n Skildery is 'n oorspronklike kunswerk op papier of skilderdoek, in water-, olie- of akrielverf.
'n Gedrukte werk (insluitend 'n foto) is ook 'n oorspronklike kunswerk.

'n Reproduksie is 'n gedrukte voorstelling, 'n faksimilee, of 'n kopie.

3.4 Tweedimensionele kuns sluit slegs die lengte en breedte van 'n plat voorwerp soos 'n tekening, 'n gedrukte werk, of 'n skildery in. Dit het betrekking op skilderye en grafika.

Driedimensionele kuns sluit in die lengte, breedte, en diepte van 'n voorwerp soos 'n struktuur, gebou, of beeldhouwerk.

In rekenaargrafika verwys 2D en 3D egter na die werklike dimensies in 'n rekenaarwerkspasie. 2D is 'plat', en gebruik die horisontale (X) en vertikale (Y) dimensies; die beeld het slegs twee dimensies en as dit op die kant gedraai word, word dit 'n lyn. 3D voeg die dieptedimensie (Z) by. Hierdie derde dimensie laat rotering en visualisering vanuit multiperspektiewe toe. In wese is dit die verskil tussen 'n foto en 'n beeldhouwerk.

(4 × 10) **[40]**

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Hardeware vir deure; deurhandvatsels; deurslotte; deurskarniere, deurgrendels; deurremsluiters; deurkloppers in geelkoper en aluminium

4.1.2 Kies 'n tradisionele voorportaal-muurpapier met 'n sterk of swierige ontwerp om trefkrag te skep, en kies 'n kleur daaruit vir die mat, beligting en bykomstighede om dit saam te bind. Die voorportaal kan meer stylvol gemaak word met vase, kroonkandelaarmodelle, artistieke voorwerpe, prenttafels, veeldoelige funksionele bykomstighede, hangers, swartborde, foto's met rame in verskillende style, funksionele items van smee-yster, mandjies, dekoratiewe blompotte en meer.

4.1.3 Die kinderkamer het 'n doekemmer nodig, sowel as 'n mandjie wat opgehang word. Houers kan verwyder word en kubusse kan as rakke vir boeke, spaarbussies, en dekoratiewe items gebruik word. Jy kan ook jou eie styl byvoeg met 'n mat en muurdekals. Versiering met 'n dubbele doel voor oë is 'n wonderlike manier om mode en funksie te kombineer. Gebruik prentlyste op 'n muur om boeke te vertoon. 'n Ry materiaalgevoerde rottang- of draadmandjies kan teen 'n muur gehang word, vertikaal of horisontaal, vir die aantreklike berging van speelgoed. 'n Outydse leer teen 'n muur kan babakombersies en kwilte vertoon. Sit 'n nagliggie by vir voeding en skoon doeke aansit. Maak gebruik van kwilte, kombersies en bababedbuffers.

4.1.4 Gastekamer – Plaas 'n tafeltjie of bedkassie langs die bed sodat gaste 'n plek het vir hulle bril, horlosie en ander noodsaaklikhede. Een met leë laaie vir stoordoeleindes is gerieflik vir 'n langer verblyf.

Lampe of muurlampe – Die plafonlig is goed vir algehele verligting, maar is nie geskik vir ontspanning of lees nie. Sorg vir 'n bedlampie, of muurlampe, vir omringende lig of lig vir 'n spesifieke taak.

Nagliggie – 'n Eenvoudige nagliggie sal gaste lei wanneer hulle snags wakker word en hulle pad moet vind. Gebruik die kragpunt in die portaal of badkamer om dit in te prop, om te voorkom dat daar te veel lig in die slaapkamer is.

Die meeste gaste sal toegang benodig tot jou wi-fi; maak dit dus vir hulle maklik deur die wagwoord te raam as 'n kunswerk vir die kamer.

Spieël – het die bykomende bonus dat dit die lig reflekteer en die kamer ophelder. 'n Groter muurspieël of 'n spieëltafel is die beste, maar selfs 'n klein spieël of 'n handspieël sal op prys gestel word.

'n Groen plant of 'n vaas met blomme sal die gastekamer laat lewe, en help dat dit voel soos 'n noodsaaklike deel van die huis, eerder as 'n 'spaarkamer'.

Voorsien bottels water of 'n waterglas/waterbeker; wekker; toiletware in monstergroottes; haardroër; sneesdoekies; asblikkie met voeringsak; snoephappies; 'n sak vir vuil klere.

Skuif dinge in die kas eenkant, om ruimte te skep vir klere wat hang, en sorg vir 'n bagasierak of leë oppervlak vir 'n tas.

Verskillende lae beddegoed en kussings sal dadelik die gasteruimte versag en dit knus, gemaklik, en uitnodigend maak; gastehanddoeke – groot badhanddoek, handdoeke, waslappe; 'n mat vir warmte.

Kopiereg voorbehou

4.1.5 Kamer vir 'n tiener: Dit sal dieselfde wees as die gastekamer hierbo, maar met meer verpersoonlikte en jongmensdetails; boekrakke en boekstutte vir 'n studeerarea; sitsakke ('bean bags'); flokatimatte.

4.1.6 Binnehof: Meubileer dit met losstaande potte – terracotta, viniel; blombakke; kruiepotte; aarbeipotte; uitgestalde tuingereedskap; kruiwaens; banke; opvoustoele; tafels wat opmekaar gepak kan word.

(6 × 5) (30)

4.2 4.2.1 Tradisionele Afrika-kralewerk:
Afrika-kralewerk, byvoorbeeld Zulu-kralewerk en die Zulu-liefdesbrief, is 'n eeue-oue tradisie met kraletradisies, ontwerpe en patrone eie aan Afrika wat oor die geslagte heen van moeders na dogters oorgedra word.

4.2.2 'Country'-handwerk:
Mandjiewerk, papiermaché, decoupage, breiwerk, kwiltwerk, knoopwerk, borduurwerk, pottebakkery, weefwerk en tekstiele – batik, sifdrukkuns, oordrukwerk

4.2.3 Versamelings Oosterse en Europese borde:
Delftse porselein ('Holland'), fyn porselein, Griekse en Turkse keramiek – erdewerk, borde

4.2.4 Binnenshuise plante:
'Peace lilies' (spathophyllo), begonia, vetplante, palmlelie ('yucca'), anthurium

(4 × 5) (20)

4.3 Studente is vry om hierdie funksie te interpreteer. Dit moet 'n Franse/Oosterse/Turkse invloed toon. Antwoorde moet volgens meriete nagesien word.

4.3 4.3.1 Gaste-uitnodigings (5)

4.3.2 Dek van tafel (10)

4.3.3 Spyskaart (5)

4.3.4 Versiering van lokaal (10)
[80]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou